



# Graaff-Reinet MUSEUM



Supported by The Department of Sport, Recreation, Arts & Culture

(Incorporating Reinet House, The Old Library, Urquhart House, The Old Residency and The Military History Museum)

P.O. Box 104, Graaff-Reinet, 6280 Tel: 049 892 3801 Fax: 049 892 5650

## CONTENTS / INHOUD

Lieve Museumvriende.....	2
Two important habits to cultivate in yours sons.....	4
The World Cup comes to Africa.....	4
'n Dubbele Karoo-moord wat nooit opgelos is nie.....	6
Flitse uit die verlede.....	8
Harry Bolus.....	10
Aankondigings.....	12
Words to ponder.....	12

## **REDAKSIE**

### **ARTIKELS / ARTICLES:**

ANZISKE KAYSTER

### **REDIGERING / EDITING:**

ELIZABETH BUISMAN & HERMI BAARTMAN

### **DRUKWERK EN PRODUKSIE / PRINTING & PRODUCTION:**

DENISE VAN WYK, AMANDA JACOBS & KATRIENA BOOYSEN

### **VERSPREIDING/ DISTRIBUTION:**

JAMES VAN RHYNERS, DENNIS VAN WYK & ZENEVIN ISAKS

# Liewe Museumvriende

My viermaande - lange afwesigheid het toe glad nie eers die fondamente van die museum geskud nie. Inteendeel, die museum staan rotsvas en ek kan nie help om die prentjie uit my kinderverbeelding te herroep van die wyse man wat sy huisie op die rots gebou het nie. Natuurlik het die spreekwoordelike reën neergestort want per slot van sake is daar altyd 'n tekort aan personeel en fondse, maar die huisie, gebou op die rots, het vas gestaan. Dit is dus my wens vir die toekoms: 'n museum stewig geanker op staatmaker mense, bekend vir hul hardwerkendheid, vriendelikheid en uitmuntende diens.

Ons het 2009 op 'n hoë noot afgesluit met '*n Aand by die Museum*'. Ons akteurs het oor geborrel van entoesiasme en het gereed gestaan om die, met- withond-versterkte- gehoor op 'n verbeeldingsvlug in die verlede te vergesel. Die personeel, wat terselfdertyd as slawekoor diens gedoen het, het soos besetenes

gewerk: hulle het kos gemaak, kaartjies verkoop, stoele aangedra, die byklanke verskaf en tussendeur die noot probeer hou. Ons is baie dankbaar vir die inisiatief deur Hermi Baartman aan die dag gelê. Sy is 'n vriend van die museum duisend en staan al weer gereed vir die volgende vertoning.

Teen alle verwagting in, was ons jaarlikse straatmark ook 'n groot sukses en is ons innig dankbaar vir alle bydraes. Op **18 Junie** maak ons weer so en nooi almal om hul gebottelde somervrugte, boeke, handwerk, plantjies en vars gebak te bring ter stywing van die Vriende van die Museum Fonds.

Ons kalender is tot barstens toe vol. Merk asseblief die Algemene Jaarvergadering wat op **24 Junie** gehou sal word, op jou kalender af. Dit sal deur verskeie fondsinsamelings-projekte gevvolg word wat onder anderé '*n aand by die museum*' en '*dinner at the museum*' insluit. Ons maak staat op almal se ondersteuning.

Die Nasionale Simbole en Ordes uitstalling het groot belangstelling ontlok en ongeveer 600 kinders het

die uitstalling besigtig en aan 'n opvoedkundige program deelgeneem. Die uitstalling is amptelike deur Die Buro van Heraldiek in Januarie 2010 ge-open en het wye media dekking geniet.

Ter viering van internasionale museumdag is 'n opvoedkundige program oor die herkoms van internasionale en plaaslike sokker gehou. Bykans 100 leerders van die Sondagsrivier-vallei het die museum besoek waartydens hulle vuvuzelas en Suid-Afrikaanse vlaggies ontvang het. Vuvuzela-blaas is groot pret, maar kort tog oefening en 'n spesiale tegniek. Museumvriende word hartlik uitgenooi om na ons sokker uitstalling te kom kyk en hulself te vereenselwig met sokkertaal. Die uitstalling sal vanaf 11 Junie tot die einde van 2010 (of dalk nog langer, soos die gees ons lei) te siene wees.

Na meer as dertien jaar neem ons afskeid van Oom Dennis van Wyk. Met sy fiets, wit 'keps' en breeë glimlag was hy onmiskenbaar deel van die museum. Tot vandag toe wuif ek entoesiasties as ek omies op fietse raakloop – Oom Dennis of nie. Dit is egter 'n riem onder die hart dat hy nog steeds bereid is om naweke

die deure van die museum oop te hou. Dankie, Oom Dennis!

**Stephen Welz en Co** - waardeerders van dekoratiewe en skone kunste - het weer eens 'n suksesvolle besoek aan Graaff-Reinet gebring. Mense wat graag die waarde van hul antiekware, hetsy dit skilderye, porselein of silwer, wou bepaal of bevestig, het die geleentheid gekry om professionele advies in te win. Alle gelde ingesamel, is aan die museum geskenk en almal was tevrede. Volgens Anton Welz, is dit 'n poging om so volledig moontlik 'n lys van noemenswaardige artefakte saam te stel. Ons is bly dat die museum ook deel daaraan kon hê, alhoewel dit na 'n onbegonne taak klink.

Die museum-familie het twee seuns ryker geword en behalwe my klein Philip, het Mej. Pika op 11 November 2009 die lewe geskenk aan 'n pragtige, gesonde, seuntjie Cwenga, wat beteken 'helder water'. Dit het my sommer laat dink aan 'n artikel wat in die 1800's in die American Agriculturist verskyn het:

# Two important habits to cultivate in your sons

*It is a generally observed fact that, in this country, a very large proportion of the successful men are either the sons of poor parents, or orphans – or half orphans; and that comparatively few sons of rich men amount to much in any business or profession, notwithstanding the superior advantages they have of education, position and an inherited capital to start with. Another thing that we have observed is, that, other things being equal, successful men come from large rather than from small families. Our observations have led us to the conclusion that two of the strongest elements of success are courageous self-reliance and economy. The boy left a poor orphan has to fight his own battles. No rich father furnishes him a carriage to ride, and so he must walk – and he learns to walk. No one reaches a friendly hand to lead him, and he learns to walk alone. With scanty supply of pocket money, he is compelled to habits of economy that ever cling to him. ‘The boy is father to the man’ is a trite saying. The poor boy comes to manhood, and instead of leaning upon someone to aid him, or waiting for someone to come to his help, he strikes out with a feeling that, to use a vulgarism, he must ‘root hog or die’ - and he roots away. The man who was helped by father when a boy, whose school expenses were paid by father instead of having to earn them himself, whose expenses in*

*preparing for his profession, or whose capital in starting business, came from some paternal bank, begins life with a dependent feeling, and it is next to impossible for him to strike out into the world with a feeling that whatever I am I must make myself; whatever I get I must get for myself. The only son, petted and aided as he could not be if he were only ‘one of several’ lacks this element of self-reliance. Even in his sums and his other school lessons, he is helped out by mother or sister, or perhaps by father, or a subservient teacher. We have said enough to illustrate our idea. Let every parent consider the subject well, and see what he can do to cultivate this self-reliant spirit in his children.”*

Tot weer siens



## The World Cup Comes to Africa

The Graaff-Reinet Museum is also doing its bit to promote the FIFA World Cup tournament and to raise support for our national soccer team, Bafana Bafana. For the first time in the history of the FIFA Soccer World Cup it will be hosted on the African continent and it promises to be a

uniquely South African experience. Get yourself acquainted with the following South Africanisms:

**ZAKUMI**, the mascot with attitude is the official mascot of the 2010 Soccer World Cup.



([mengertilah.wordpress.com](http://mengertilah.wordpress.com))

The name Zakumi is a combination of 'za' South Africa's international country code and 'kumi' a ki-Swahili word that means 10. Zakumi loves football; he always carries his football around and is always inviting people to play with him. His aim is to create a good mood for fans and raise the excitement for the 2010 FIFA World Cup, the first to be held on African soil.

Locals and visitors alike are encouraged to make a truly South African football noise with their **VUVUZELAS**. Vuvuzela means kudu

horn and was traditionally used to call meetings or warriors to war. The South African vuvuzela is a meter long, brightly coloured and has become one of the symbols of soccer in this country. It takes some skill to blow a vuvuzela: put your lips inside the mouth piece and almost make a 'farting' sound. Relax your cheeks and let your lips vibrate inside the mouthpiece. As soon as you get that trumpeting sound, blow harder until you reach a ridiculously loud blast.

**LADUMA!** Do not forget to shout it when Bafana Bafana or your favorite team, scores a goal. It means 'it rumbles'. South African soccer supporters need no introduction to ***Lad-u-u-u-u- ma!***

Museum friends are also encouraged to start learning the soccer-based moves of South Africa's **DISKI DANCE**. When you do the Diski dance you will start to feel the rhythm of African football together with the energy and passion that is in store for the 2010 World Cup. The dance takes its inspiration from the Diski football (a unique and flamboyant football style) and consists of a series of soccer moves.

On December 4th, Adidas and FIFA officially unveiled the Adidas

**JABULANI**, the Official Match Ball for the 2010 FIFA World Cup. The “JABULANI”, which means “to celebrate” in isiZulu, features a South African inspired design and radically new technology.

Makarappa (meaning migrant worker and associated with the helmet that they wore) is a hand-cut and hand-painted miner’s hard hat and part of the South African football fan’s gear. They afforded the wearer protection against missiles thrown at sport matches and is the original reason for being worn. Alfred ‘Lux’ Baloi is the original creator of the hat and is the owner of the trademark.

Ref: Sarie magazine April 2010, [www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org), [www.southafrica.info](http://www.southafrica.info))

## ‘n Dubbele Karoo Moord - wat nooit opgelos is nie.

(Dit is ‘n ware kopie van die artikel soos verskyn op 15 Maart 1928. Geen korreksies is aan spel- en taalfoute gemaak nie)

“Oom Jan”, die Editeur van die “Steynsburg Courant” skryf aan die “Week-end Argus”, as volg:

Ongeveer 1885 was die inwoners van Graaff-Reinet een more erg geskok toe die berig versprei word dat die heer Willem Schoeman, ‘n seun van die hr. Wim. Schoeman, van Opreisfontein

Erasmuskloof, ‘n paar uur te perd van die dorp, en ook sy vrou die vorige aand vermoor is, - hulle is deur ‘n onbekende persoon of persone moedswillig doodgeskiet.

Die slagoffers van wraak was jonge mense, met ‘n suigeling, wat in die drie vertrekke huisie langs die afdelingspad langs Erasmuskloof op, gewoon het. Hulle was stille mense wat hulle stille lewe seer gelukkig saam geleef het. Niemand kon ‘n rede noem waarom hulle die slagoffers moes wees van die gruwelike aanval.

Toe die Distrik Geneesheer en die Polisie terugkeer van die plaas waar die dubbele moord plaasgevind het, kreeg die dorpelinge besonderhede omtrent die treurspel, en die vermoedelike rede waarom die misdaad gepleeg is. Van wat ons kon uitvind en wat later in die Hof deur getuies afgelê is, blyk dat twee boere Johannes D. Slabbert (‘n ou jonkman) en Willem Schoeman, sr., bure in Erasmuskloof was. In daardie dae was die plase in die Middellande, ewe als in andere dele van die land nog nie omhein nie. Ootreding van vee op elkanders veld was ‘n daelikse gebeurtenis, gewoonlik geode vir onderling, voordeel, en kon nouliks vermy word vanwee die onverskilligheid en onkunde van die veewagters en afwesigheid van grenscheinings. Hierdie oorloop van troepe vee het selde vyandskap tussen bure verwek; daar was dan ook destyds meer liefde en gasvryheid onder die mense. Die politieke wig was nog nie ingedryf nie, en was daar vrede in die land, maar dit kon nie so aanhou nie.

Daar was boere, natuurlik, wat nie gedurig oortreding deur vee toegelaat het nie, en was gou met die skut van vee; maar nie die vee van 'n werklike goeie buurman nie.

### Onvriendelike bure

Slabbert en Schoeman was nie bevriend nie, laasgemelde was 'n kwaai ou heer, wat moeilikheid met Slabbert gehad het, wie se wagters af en toe toegelaat het dat hulle baas se vee op Schoeman se veld oorloop, tot ergenis en nadeel van die ou heer. Slabbert het hom geensins gesteur aan Schoeman se waarskuwings om sy vee uit die veld te hou nie; die skut van oortredende beeste he took nie gehelp nie, intendeel dit het kwaai vyandskap tussen hulle verwek. Schoeman was gedetermineerd om stop te sit aan die onnabuurskappelik gewoonte van Hans Slabbert, en met hierdie doel he thy 'n drie vertrekke huisie laat bou op die skaidingslyn tussen die twee plase. Opreisfontein en Erasmuskloof, en dit wel langs die wapad.

Sy seun Willem was pas getroud, en sy vader het hom gevra om in die huisie te gaan woon, die hoof rede waarvoor was om te waak en Slabbert se vee te skut as hulle weer op sy veld kom.

Hierdie maatreel van Willem Schoeman het Slabbert woedend gemaak. Hy werd altyd op gesien as 'n goeie en vriendelike ou heer.

Die vyandskap het skerper geword, maar min mense in die dorp het van hierdie twis geweet. Maar die moord van die onskuldige jongpaar, die bewakers van die

grenslyn, het ewewel mense laat praat, want hulle wou die motief vir die skriklike misdaad vind, maar kon dit nie vind nie. Die jongpaar had geen vyande, en Slabbert was vriendelik gesind jeens hulle. Dit nou was die posisie toe die treurspel plaasgevind het.

### Geklop aan die voordeur

Uit die rapport van ou mnr. Schoeman met die polisie dieoggend na die moord ingestuur het, blyk dat omstreeks 8 uur die vorige, stikdonker aand, terwyl Schoeman Jr., en sy vrou aan tafel gesit tee et het, is aan die voordeur geklop. Die kers het die kamer swak verlig. Die Hottentot veewagter sit op die vloer in die kombuis, wagtende op sy stukkie kos, en kon hoor wat in die voorhuis gebeur.

Hy het die geklop op die voordeur gehoor, hoor sy baas van die tafel opstaan en na die seur stap om dit oop te maak. Toe sy baas die boonste helfte van die deur oopgemaak het, hoor hy 'n onbekende stem sê, "Naand, baas; ek wil asseblief 'n stukkie kos hê?" Schoeman antwoord, "Goeie naand; wag 'n biekie."

### Geweerskoot word gehoor

Schoeman draai om en stap terug na die tafel om kos vir die besoeker te kry, maar voor hy by die tafel kom hoor die veewagter 'n geweerskoot. Ook hoor hy miesies luidkeels 'n naam uitroep, wat hy egter nie mooi gehoor het nie, en die woorde daarby, waarom het jy dit gedoen?" Toe hoor hy opeens weer 'n geweerskoot. Die Hotnot was so seer verskrik dat hy

dadelik opgespring en by die agterdeur uitgevlug het; hy hardloop vinnig deur die veld na ou mnr. Schoeman se woonhuis toe en erg verbouereerd verhaal hy aan Schoeman en sy seuns wat hy so ewe by die eensame rooi-huisie gehoor het hy meen dat iets skrikkeliks daar gebeur het.

### Soek na die moordenaar

Ou mnr Schoeman gelas sy drie groot seuns om terstond hulle gewere te vat en met hom saam te gaan na Willem se huis om uit te vind wat daar eienlik gebeur het.

Dit was baie donker. Die vier manne, van wie drie gewapend toe hulle by die werf aankwam, het besluit om nie nadir te gaan nie, uit vrees dat gevaar in die huis skuil, maar welt e wag totdat dit lig word, om te sien of iemand die huisie verlaat. Die huis was donker. Daar niemand in die vroegte uit die huis gevlug het nie, het die vier mans in gegaan; die voordeur het oopgestaan.

### 'n Vreeslike gesig

'n Vreeslike gesig staar hul in die aangesig toe hulle by die deur inkyk. Op die vloer naby die tafel lig die dode liggaam van die seun Willem, op die maag, in 'n plaas verdikte bloed. Hy is in die rug geskiet en is op sy gesig dood geval. Aan die anderkant van die onafgedekte tafel lê die lyk van sy vrou, met haar onbeseerde suigeling, wat by sy moeder se bors rondkruip. Ook die jonge moeder se liggaam lê in 'n groot bloedplas. Volgens die Distriksgenesheer se getuienis, is die

ongelukkige gewond en is eers agt uur later oorlede, sy het doodgebloeい.

As ou mnr. Schoeman en sy seuns die huis ingegaan het toe hulle daar die aand aangekom het, kon hulle haar lewe gered het, en kon sy miskien die naam van die moordenaar ook geopenbaar het die, so word vermoed, haar geskiet het, omdat sy hom herken en sy naam uitgeroep het.

Die moordenaar het ontsnap en geen spoor van hom is nog tot vandagtoeontdek nie. Slabbert is op suspiesie aangehou en is ver skeie kere voor die Hof gewees, maar nikks kon teen hom bewys word nie.

Sekere Cox, 'n Skoonseun van Schoeman, was ook aangehou en was onder verhoor maar werd ontslae. Van tyd tot tyd, vir enige jare na die dubbele, gruwelike moord, is verskeie kleurlinge voor die Hof gewees onder verdenking, maar nikks kon teen hulle bewys word nie. Die publiek het mnr. Schoeman en sy drie seuns skerp veroordeel omdat hulle te lafhartig was om die huisie op aankoms die vorige aand in te gaan.

*Artikel met dank aan Ds Christo van Rensburg. Die baba wat oorleef het is Ds Christo van Rensburg se oupa. 'n Tweede artikel oor dieselfde moord verskyn in Die Graaff-Reinet Advertiser van 3 Maart 1960.*

## Flitse uit die verlede

---

In ons soeke na staaltjies en herinneringe uit die verlede, het ons op

‘n hele paar juweeltjies afgekom. Vandag al reeds afgetree en sy skoolhoofdae lankal vergete, loop die herinneringe nog steeds saam met William Vers. Vir hom is die onthou maklik, want, soos hy self sê: ‘Dit hou meer soet in as suur.’

“Dit was vroeg op ‘n wintersoggend. ‘Dunkop (dis nou ek)’ skree-roep die ou man. ‘Ja, Pie’ antwoord ek. ‘Jy moet die koeie gaan haal sodat ek kan melk en die kallers kan suip’. Sonder skoene moet ek die ryp trotseer en die koeie gaan haal. Gelukkig het die koeie hul melktyd geken en kon ek net die hek oopmaak en roep: ‘Kom Koeie, kom’. Daar was altyd een wat eers ‘n klomp stoom uitblaas en die ander stert in die wind kraal toe lei. ‘Is die dêm kalf befoeterd dat hy die emmer so omtrap,’ en dan word die kalf met die hokstok op die voorbeen geslaan om tru te staan.

Pappie se trots was sy *meide* en sy *père*. As hy van sy dogters praat, praat hy met trots van sy meide wat enige man kon klop. Van bicycle tot perd-ry. Nie dat hulle dit nie kon doen nie; ek moet self erken dat hulle vir nikks en niemand teruggestaan het nie. Noudat ek die woord ken, dink ek hulle was regte rabbedoes of rabbedoë. Sy wit perd, Victor, was sy oogappel. Jim en Poon was sy karperde. Gedurende feesdae was daar gewoonlik baie besoekers op die plaas. Sodra die voggies begin trek, moet hy vir almal wys wat sy Victor kon doen. Hy klim dan op sy perd, laat trippel hom die laan op en kom terug.

Hierna ry hy die hoë trappe by die voorstoep op, gaan by die voordeur in en kom by die kombuisdeur uit tot groot vermaak van die omstanders. ‘Daar staan hy, ek wed enigeen om hom op te klim en te ry’, sê die ouman. Die een wat dit waag, sal dan opklim, maar Victor sal nie ‘n voet verroer nie. ‘Nee wat, jy kan maar wat ok doen, daai perd ken net sy baas’ sê die ou kêrel met trots.

Eendag was ons weer op Kaaimusgaat (Ons het gereeld vir aunt Dale en oom Pietman anderkant die berg op Kaaimusgaat gaan kuier). Nadat ons kinders lekker gespeel en baljaar het, is ons ingeroep om te kom eet. Aunt Dale was besig om die pot se deksel af te haal toe Ma iets oplet en aan my beduie. My oë het my nie bedrieg nie ‘n das met kop en al in die pot met spierwit tandé wat uitsteek soos ‘n hond wat knor. Daardie dag het ek my arme ma baie jammer gekry. Naar was nie die woord nie, sy kon letterlik braak van naarheid. Jy weet, op ons plaas het ons nie dasse geëet nie. Nee, selfs nie afval nie; dit was die honde se kos. Ma het toe een of ander verskoning uitgedink en ons is sonder ete daar weg.

Die groter kinders het op die dorp skoolgegaan. Dit was ekke en Nankies (my sussie) se werk om soggens te gaan kyk of daar iets in die slagysters was. Een oggend het ons op ‘n groot rooi-bruin dier afgekom. ‘Moenie nader gaan nie Nankies, dis ‘n lou’, skree ek.

‘Lou, lou, lou,’ , skree sy terwyl ons huis toe hardloop. Ons kom uiteindelik uitasem by die huis aan en storm die kamer binne; ‘Lou, Pa, lou! Daar is ‘n lou in die slagyster!’. ‘Moenie beneek wees nie. Wat sal ‘n lou nou in die slagyster soek? Kry my olienhoutkierie daar!’ sê die ou man. Hy kry dit en ons drie is toe daar weg. ‘Ag, Neefman, vat maar die roer saam, altemit is dit rērig ‘n lou’, spreek Ma haar bekommernis uit. ‘Waai, hou jou mond, jy is net so befoeterd soos die kinders’, snou hy haar toe. Ons kom by die slagyster aan. ‘Dis ‘n rooikat!’ sê Pie terwyl hy sy olienhoutkierie oplig en die kat met een hou doodslaan.

Die honde blaf, want daar is ‘n lorrie op pad. Dit is oom Kleintjie se lorrie. Aunt Koekoe is by, maar ek ken nie die ander antie was so snaaks aantrek nie. ‘Dit is ‘n slimvrou’, fluister Koekoe. ‘Sy haal glo al die vuilgoed uit ‘n mens uit.’ Nee, rērag Siesie, sy is baie goed, julle sal self sien wat sy alles doen’, sê aunt Koekoe. ‘Ja, rērag Boetie, en net vir die prys van ‘n vark en ‘n skaap, is sy baie goedkoop.’, sê Oom Kleintjie. Die antie is later in die voorhuis besig en jy ruik net bossies brand. Die grootmense is klaar en toe is dit die kinders se beurt. Een vir een kniel ons voor rokende stink bossies terwyl jou kop met ‘n kombers bedek word. Genoeg was genoeg, en daar laat waai ek gang op voordat ek my kon laat versmoor. ‘Vang hom bring hom hier, die tsotsi’, beveel die antie. Met snot en tranen word ek onder die kombers ingedruk.

Toe moes almal nog ingesny word om jou teen die toorgoed te beskerm. ‘n Blikkie word uitgehaal waarin daar ‘n swart mengsel aangemaak word. Toe die antie eers die minora blade uithaal gaan ek aan’t skree. So onder die skree word ek vasgehou, my bo-arm kaal gemaak en drie kerfies daarop uitgesny. Hierna word van die swart goed daarop gesmeer. ‘Siesie sal nou sien, nie weer ‘n vuil ding sal nou oor jou drumpel kom nie’, sê die antie. Die volgendeoggend staan almal verbaas en kyk na die dooie muis en koggelmander wat die antie onder die mat by die drumpel gekry het. ‘Sien, ek het mos vir Siesie gesê die vrou se medisyne werk baie goed’, sê Aunt Koekoe. ‘Sjoe, maar die mense is vuil, wie sou nou kon dink’, sug Ma.

## Harry Bolus

---

Harry Bolus was born in Nottingham, England on 28 April 1834. He arrived in Algoa Bay on the 18<sup>th</sup> of March 1850 and proceeded to Grahamstown, where he was employed by the firm of Kensit (he later married Sophia, sister of William Kensit on the 12<sup>th</sup> of February 1857). Thereafter he joined a mercantile firm in Port Elizabeth, serving as a bookkeeper. By March 1855 he was in Graaff-Reinet, probably working as a lithographer and reporter for the Graaff-Reinet Herald. In 1858 he and his brother Walter, established

a mercantile business in Somerset Street and Walter managed a branch in Port Elizabeth. In January 1861, the brothers dissolved their partnership, but Harry retained his connection with the Herald, in which he became a partner, until June 1863. Before that, he was a newspaper correspondent and one of four individuals in Graaff-Reinet to present shorthand courses. In the meantime, he and Alfred Essex Junior had bought Roodebloem, which they hoped to turn into a model farm, but drought coupled with capital expansion and the abnormally high price they paid for the farm, caused them to go insolvent in 1862. The insolvency was a temporary embarrassment for Harry, who had to resign his seat as a Municipal Commissioner in 1862. On 1 June 1863 Bolus announced that he was no longer a partner in the newspaper.

Harry Bolus was also a member of the Agricultural Society and was its secretary from 1856. The Society was established in 1853 until 1866 and re-established in 1883 until 1885. Bolus was one of the members of the 1<sup>st</sup> Botanical Gardens Committee, which met on 20 November 1872 for the first time. He had an intense enthusiasm for gardening and horticulture and was inspired by it. Bolus became interested

in the study of Botany through his friendship with Professor Guthrie, a member of the staff of the Graaff-Reinet College. Due to Bolus, direct exchanges took place with Kew Gardens (Royal Botanical Gardens) in England, since he enjoyed a life-long friendship with the director, Sir John Hooker. For a period of ten years Bolus made important botanical explorations in the Graaff-Reinet district.

In October 1876 Prof. Guthrie and Bolus left for England but later returned to South Africa. Bolus settled in Cape Town and together he and Guthrie published their research on Botany. A strange parallel linked Guthrie and Bolus' lives – the early death of their children in Graaff-Reinet: Alfred Walter Bolus – 5 years 11months died on 20 August 1864 from diphtheria and Margaret Guthrie on 4 July 1874, aged 11 months. Always interested in the furtherance of scientific and educational pursuits, Bolus founded the Bolus Professorship of Botany at the Cape University. He further bequeathed the Bolus Professorship of Botany to the Cape University. He further bequeathed his herbarium and library to the South African College, plus 27,000 pounds sterling, invested in government stocks, in trust for the upkeep and

extension of the herbarium and library, and 21,000 pounds for the foundation of scholarships. In recognition of his scientific work and his liberality in endowing the professorship, the university conferred on him the honorary degree of doctor of science.

His versatility seemed endless, his interests and activities included agriculture, botany, commerce, culture, commerce, lithography, newspaper reporting, music, theatre, sport and railways. Bolus was also the first person to propose a Chamber of Commerce for Graaff-Reinet – a body which came to dominate and guide the destiny of the economy in Graaff-Reinet including the railway & post. He was the first person in the Eastern Cape to produce a lithograph of a map of the Eastern Province, the Midlands and Orange Free State. The map was immediately published in the Government Gazette.

Bolus was an excellent flautist and part of a musical trio consisting of Harriet Rabone and his good friend, Harriet's brother, Alfred Essex. They jointly purchased a harmonium. Bolus became the secretary of the Amateur Theatrical Society (1858 – 1874) when it was established. He conducted the Graaff-Reinet Choral Society and was

instrumental in establishing a Mechanics Institute in 1859.

Dr. Bolus died on 25 May 1911 in Oxted, England. His name is commemorated in the orchid genera *Bolusiella* and *Neobolusia*.

*Henning C G: 1975. GRAAFF-REINET – A CULTURAL HISTORY  
1786 - 1886*

## AANKONDIGINGS

---

Moenie die winter-straatmark op 18 Junie asook die Algemene Jaarvergadering op 24 Junie vergeet nie. Agenda items kan intussen na Denise van Wyk gestuur word. Die voorlopige gasspreker is Mark Snyders, 'n argivaris van die Universiteit van Ford Hare en die onderwerp van bespreking, kopiereg. Dit is ook weer tyd vir nominasies vir die Vriende van die Museum Presteerders-toekenning. Vind ingesluit 'n nominasievorm wat by Reinethuis teen Maandag, 21 Junie, ingehandig kan word.

## Words to ponder.....

---

History is a kind of introduction to more interesting people than we can possibly meet in our restricted lives; let us not neglect the opportunity. ~Dexter Perkins

